
# Nederduitse Gereformeerde Gemeente

# Welkom-Suid

# 25




# 1974 - 1999

**Nederduitse Gereformeerde Gemeente**

# Welkom-Suid

## 1974-1999

## *Kwarteeufeesviering*

**GEDENKBOEK**
Uitgegee deur die Kerkraad van die
Nederduitse Gereformeerde Gemeente Welkom-Suid
by geleentheid van sy kwarteeufeesvieringe in 1999.

# Die Kerkgebou
# Argitektuur & Simboliek

Die kerkplan lê op 'n horisontale as waardeur die ruimtelike momente mekaar soos volg opvolg: die oordekte buiteportaal, binneportaal of Narthex, skip of gemeenteruim en die liturgiese sentrum as hoogtepunt.

Om die liturgiese ruim te beklemtoon, kom daar 'n vloedlig bo die dak deur en verlig die kanselwand.

Alles wat plaasvind in die kerk, geskied langs 'n as met die Woord van God en sakremente aan die een kant van die as en die antwoord van die gemeente as volk van God aan die anderkant.

Vanaf die liturgiese sentrum spreek die Here deur sy Woord en sakramente en vanuit die ruimte antwoord die gemeente deur lofsang, belydenis van sonde, dankgebed, liefdesgawe en danklied.

Die hele bouorde styg in hoogte op. Hierdeur word sinnebeeldig uitdrukking gegee aan die Ewige Bestemming daarbo waarheen die harte opgehef word of die gebede opgestuur word. Die vertikale lyn word ook uitgedruk deur die vertikale muurvlak, hoë vertikale vensters, muurstutte, twee vertikale kolomme voor die gebou , ens.

Die siermotiewe het sekere simboliese waardes. Die heel bekendste is die kruis wat op een van die twee hoë steensuile, teen die kanselwand en herkenbaar is op ander plekke aan die kerkkompleks. Die nagmaalstafel staan met die simbole aan die voet van die kruis teen die kanselwand. Die kruis simboliseer die soendood van Jesus Christus en is sedert die vroeg christelike kerk die mees sprekende siermotief. Dit is nie iets wat net aan die Roomse Kerk behoort nie maar die kruis van Jesus is simbool van Sy liefde aan die mensdom bewys waardeur ons gered word.

Die ander siermotief, wat prominent op die voorgewel verskyn, is die Christusmonogram. Dit lyk soos 'n X op 'n P, maar eintlik is dit die Griekse letters CHI en RO, wat die twee beginletters van die Griekse spelling vir Christus is.

Voor die kanselwand is 'n paneel met houtsneewerk wat die gelykenis van die Goeie Herder en die verlore skaap uitbeeld. Ook die kleure van die glas wat van agter na voor al hoe ligter word beklemtoon weereens dat die lig van Hoop en Verlossing uit die Woord en sakramente tot ons spreek vanaf die liturgiese sentrum. Hoe nader die mens aan God leef, hoe gehoorsamer is hy en hoe gelukkiger word hy.

*Geneem uit die program tydens die inwyding van die kerkkompleks.*



Hierdie bladsy word geborg deur: Cassie en Heleen van der Westhuizen

# Inhoud


| | |
|---|---|
| Argitektuur en simboliek | 2 |
| Voorwoord | 4 |
| In Memoriam | 5 |
| Sinode van die OVS | 6 |
| Ring van Welkom | 7 |
| Mev. (ds.) Steenkamp | 8 |
| Ds. G.K. Malherbe | 10 |
| Ds. N.L. le Roux | 11 |
| Ds. A.F. Kriel | 12 |
| Ds. J. Kriel | 15 |
| Ds. G.F.M. Oosthuizen | 17 |
| Ds. L.M. Foot | 18 |
| Ds. N.S. Dicks | 20 |
| Fotobladsye | 22 |
| Die Stad Welkom | 32 |
| Naudéville Primêre Skool | 33 |
| Primêre Skool St Helena | 34 |
| Goudveld-Hoërskool | 35 |
| HTS Welkom | 36 |
| Orion Skool | 37 |
| Welkom-Gimnasium | 38 |
| Sekondêre Skool Unitas | 39 |
| Het jy geweet? | 40 |
| Toekomsblik | 52 |




Hierdie bladsy word geborg deur: Koos en Ina du Plooy - Unique Drukkers

# Voorwoord

Sarel Esterhuizen

Dit was 'n aangename voorreg om met die naspeur van ons gemeente se geskiedenis gemoeid te wees, en met die opstel van hierdie gedenkblad.

Graag wil ons dit duidelik stel dat daar hoegenaamd geen aanspraak gemaak word op die volledigheid nie; daar is beslis baie meer om te sê: Die bedoeling was egter om die geskiedenis in breë trekke so suiwer as moontlik weer te gee.

Ons bied dit hiermee aan u, met die vertroue dat dit vir die gemeente, en almal wat in die gemeente belangstel iets mag beteken, asook dat dit vir latere historici van waarde mag wees.

Boweal is dit ons hartewens dat hierdie gedenkblad die gemeente mag aanspoor tot 'n loflied aan die Here, aan wie dit alleenlik toekom.

Ons besef die waarde en krag van 'n herdenkingsfees en beskou dit as bindende krag in gemeentelike verband. Daarom ook hierdie gedenkblad. Mag die Here dit beskik dat dit ons as groot familie gaan saambind. Dit is ook 'n beginsel wat baie sterk onder die volk van God geleef het: die wonderdade van God in die verlede moes neergeskryf word. "Daar is 'n gedenkboek voor hom neergeskryf ..................." (Maleagi 3:16). " Die verhale van vroeër en dié van later is opgeteken ................." (2 Kronieke 35:27).

Daar was heelwat medewerkers wat die druk van hierdie gedenkblad moontlik gemaak het. 'n Opregte woord van dank aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het.

By hierdie mylpaal kyk ons gemeente nie net terug nie, maar ook vorentoe, die oog gevestig op Jesus Christus, die gekruisigde. Mag ons altyd herinner word aan God se genadige belofte vanuit die Hemelse troonsaal:

**"Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde."**



Hierdie bladsy word geborg deur: Dolf en Andaleen Coertzen

# In Memoriam

## Ds. W.J. Steenkamp

### Gebore : 7 Augustus 1930
### Oorlede : 17 Augustus 1988

**As kerkraad en gemeente wil ons graag by hierdie geleentheid hulde bring aan 'n ontslape vriend en broeder, 'n geestelike vader van vele ook in ons gemeente. Ons eer sy nagedagtenis en bid sy weduwee en kinders toe die troos en krag van die Allerhoogste.**





Hierdie bladsy word geborg deur: Andries en Susan Olivier

*Feesboodskap:*

# Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S.

**Kwarteeufees van die NG Gemeente Welkom-Suid**

FEESBOODSKAP

Die Kerk behoort nie aan mense nie. Dit is God se eiendom. Hyself is die Here van sy kudde. As Hy voorsien, kom niks kort nie. As Hy nie gee nie, is daar niks nie. Hy bepaal ook die tye en geleenthede van elke gemeente.

Die gemeente Welkom-Suid is nóg 'n teken van God se koninkryk in sy wêreld - net soos duisende ander gemeentes van sy Kerk oor die hele aarde. Die Woord wat in die gemeente gehoor word, is die Here se Woord. Die werk wat daar gedoen word, is sy werk. Dié wat in die besondere ampte staan, is in sy diens. Die wat aan die gemeente behoort, is lidmate van sy gemeente. En wat 'n voorreg is dit nie om te weet dat al hierdie dinge vir die Here belangrik is nie!

Die Vrystaatse Kerk deel in die vreugde van die gemeente wat nog 'n mylpaal bereik het. Na 'n kwarteeu gaan die werk in die Naam van die Here kragtig voort. Wat die toekoms inhou, weet ons nie. Maar wat ons wel weet, is dat ook die toekoms aan die Here behoort. Wat goed is vir sy Kerk en vir die koms van sy koninkryk, sal Hy doen.

Daarom is dit ons bede dat Welkom-Suid die genade van ons Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van diie Heilige Gees op 'n besondere wyse sal ervaar met sy feesgeleentheid en ook in die jare wat kom!

Prof. P.C. Potgieter
Voorsitter van die Moderamen: NG Kerk in die O.V.S.



Hierdie bladsy word geborg deur: Ds Leon en Sarie Foot

*Feesboodskap:*

# Ring van Welkom

As 'n gemeente 'n kwarteeufees vier is dit om meer as een rede besondere betekenis. Met 'n herdenkingsfees word teruggekyk na die geskiedenis van die gemeente. Die spoor van die geskiedenis van die gemeente word nageloop. So kyk die NG Gemeente Welkom-Suid terug op 'n geskiedenis van vyf en twintig jaar. Aanvanklik is die fase van afstigting, die beroeping en bevestiging van die eerste leraar en die oprigting van die kerkkompleks en pastorieë beleef. In die verloop van tyd het lidmate, ouderlinge, diakens en leraars in die diens gestaan van die Here en sy Woord. Op vele terreine is saamgewerk aan die opbou en uitbou van die gemeente. Die gemeente het deur die genade van die Here deur die jare sy volwaardige plek in die Ring van Welkom en binne die kerkverband van die Ned. Geref. Kerk ingeneem.

Wat kan uit die geskiedenis van 'n gemeente by 'n kwarteeufees geleer word? Wanneer dit in verband gebring word met Christus die Hoof van die kerk kan die gemeente veel daaruit leer. Die historiese verloop van een van die gemeentes in die kerk van Jesus Christus staan tog direk in verband met Christus se leiding en regering deur Sy Woord en Gees. In Welkom-Suid se blik op die geskiedenis die afgelope vyf en twintig jaar moet die spoor van Christus raakgesien en begryp word.Die Here se voorsiening en leiding asook die gemeente se diensbereidheid en gehoorsaamheid moet met dankbaarheid uit die geskiedenis afgelees word. Wanneer die gemeente se geskiedenis in verband met ons Here Jesus Christus en die Woord en die Gees gebring word, leer die gemeente nie alleen daaruit nie, maar dien ook as rigtingwyser om vir die jare wat volg alleen te hoop en te wag op die Here wat reeds daar was by die stigting van die gemeente. Hy sal daar wees tot op die laaste dag en sal ook die gemeente Welkom-Suid veilig en vol gehoorsaamheid en toewyding bewaar vir die finale koms van ons Here en Verlosser. Mag julle geskiedkundige fees elke lidmaat opnuut aanspoor tot meerdere toewyding en diens aan die Here en Sy Woord.

Namens die Ring van Welkom wens ons alle huidige en vorige lidmate en leraars van die gemeente Welkom-Suid 'n baie geseënde en betekenisvolle kwarteeufees toe !

Dr L.M. Erasmus
Voorsitter van die Ringskommissie



Hierdie bladsy word geborg deur: Frans en Minette van Dyk

*Feesboodskap:*

# Mev. (ds.) W.J. Steenkamp

## 4 April 1975 - 19 Oktober 1980



Herinneringe het die vermoë om 'n mens diep dankbaar te stem, maar ook om heimwee en verlange na die oppervlak te bring. En dit is presies soos ek dit in hierdie tyd beleef.

Om die eerste leraarspaar van 'n gemeente te wees, is 'n onuitspreeklike voorreg. Welkom-Suid sal vir my besonders bly en ek is oortuig dat die fees wat u hierdie naweek vier, reeds 25 jaar gelede 'n aanvang geneem het. Onthou u nog hoe ons alles saam-saam aangepak het? Die entoesiasme was so aansteeklik en hartlike samewerking en eensgesindheid was uitstaande kenmerke van ons "splinternuwe" gemeente.

Op die arbeidsveld van die Heer sal werkkragte natuurlik van tyd tot tyd wissel, maar my gebed vir die gemeente van Welkom-Suid is dat Jesus Christus wat gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is, altyd dié wat Hy roep, gewillig, ywerig en getrou sal maak.

Ek groet u met die woorde van 1 Thess. 3:12: "Mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak."

Mooi wense vir die jare vorentoe.

Mev. M.W. Steenkamp



Hierdie bladsy word geborg deur: Lux Verbi - Pick 'n Pay Sentrum Welkom

*Feesboodskap:*

# *Mev. M.W. Steenkamp onthou*

Ons eerste tuiste was in Othelloweg, 'n vorige pastorie van St Helena gemeente. O, wat 'n vreugde toe ons die groot, en vir my pragtige, pastorie kon betrek. Ons het taamlik las van muise gehad en toe ek dit aan een van die ouderlinge noem, was sy troos aan my: "Ag, Mevrou hoe wonderlik om hier te woon, hier waar die aarde nog net so is soos die Here dit gemaak het met al die ou muisies en goggatjies."

Een van ons eerste geldinsamelingspogings was 'n kerrie en rys verkoping op die kale vlakte waar die kerk vandag staan. Met enkele karavane en so hier en daar 'n tafel het ons die beste van die saak probeer maak en as ek nog reg onthou, was dit sommer 'n groot sukses. Die destydse matrone van die hospitaal het my oor die vingers getik omdat alles nie na wense georganiseer was nie, maar nou ja, so voel-voel het ons mettertyd verbeter.

Wat die dames (destyds susters) se finansies 'n hupstoot gegee het, was die weeklikse koekverkoping by oom Assie se "Petshop". Nadat ons vir maande so aangegaan het, is daar kapsie gemaak van die kant van die gesondheidsowerhede, want, het hulle gesê; 'n mens kan nie eetgoed verkoop uit dieselfde lokaal waar allerlei diere gehuisves word nie. Ons moes toe maar luister. Daar was egter geen einde aan die woekery met pannekoek en kerrie en rys nie. Te alle tye en op elke moontlike plek het ons probeer geld maak, want 'n nuwe gemeente moet mos met alles heel voor begin.

Welkom-Suid het ook geskiedenis gemaak toe ons die eerste gemeente in die Vrystaat geword het om vier diakonesse op die kerkraad te verkies. Ek dink hulle was almal verpleegsters en het 'n groot bydrae gelewer met die insameling van die dankoffer en reëlings vir huisbesoek. Hulle toetrede tot die kerkraad het daardie tyd baie kritiek uitgelok. Nou is dit 'n algemene gebruik.

Een middag met 'n kinderkransbyeenkoms en terwyl swart mans iets aan die saal se dak reggemaak het, het ek vir die kleinspan gevra dat ons 'n Suid-Sotho liedjie moet sing en kyk hoe hulle reageer. Die gevolg? Hulle het dadelik die werk gestaak en met laggende gesigte geluister tot ons klaar was. Ons het dit almal baie geniet.

Die oggend toe die groot beton kruis met behulp van 'n hyskraan op die kerk in posisie geplaas is, was vir my 'n aandoenlike oomblik - vir 'n wyle tussen hemel en aarde, afgeëts teen die blou lug, was die versugting van my hart: "Here, gee dat in hierdie jong gemeente van u die kruisevangelie nou en altyd voorop sal staan."

En nou is ek saam met u dankbaar vir 'n kwarteeu van God se genade en trou.



Hierdie bladsy word geborg deur: Nollie en Martha Kemp

**Feesboodskap:**

# Ds. Gerhard Malherbe

## 1 Desember 1978 - 25 Julie 1982



Wat ek sekerlik al die dae van my lewetjie sal onthou, is toe ek die Sondag op die Kansel "erg" begin vergeet het!

Dit was 'n baie spanningsvolle tyd vir my . My gemoed was gepla met baie dinge. Juis in daardie week, besluit ek: Gerhard Malherbe, jy het jou preek nou baie behoorlik deurdink en deurbid vir Sondagoggend, jy het regtig nie nodig om hierdie preek woord vir woord uit te skryf nie. ... "'n Paar woorde op 'n papiertjie sal heeltemal voldoende wees.

So gesê, so gemaak. Ek is toe daardie Sondag met net 'n paar geskrewe woorde op die Kansel (onthou my deurmekaar gemoed). Op die Kansel sê die Duiwel vir my: "Jy het jou preek vergeet. En jy het net 'n paar woorde op 'n papiertjie." Ek begin preek en hoe verder ek gaan hoe meer begin ek Satan te glo. Jy het vergeet. Die woorde op die papiertjie sê vir my al meer en meer niks nie!!

Ek begin hiperventileer. Al vinniger asemhaal van benoudheid. Die Kerk is stampvol. ????? Een van die kerkraadslede, ek dink dit is Dr. Marx, klim op voel my pols en sê "jy's oraait - jy kan maar aangaan." Ek staan op. Stotter - die papiertjie sê niks. Die Heilige Gees sê ook niks. Net die Duiwel sê: Ek het jou mos gesê! Pê!!

Ds. Kallie staan op (ek dink dit was hy) vra vir die gemeente om 'n lied te sing en lei my van die Kansel af ... soos 'n zombie! Ekke!!

Agterna sê 'n ma. "My seuntjie het Sondag toe jy so sukkel saggies in my oor gefluister. "Hy't nie sy les geleer nie! Daarom ...." Vriendjie ek het, en vrek goed ook, maar ek het my ore uitgeleen vir die Vyand ... dit was my fout!

Ek onthou van Ds. Steenkamp. Elize en ek het hom altyd Ds. Steenrots genoem in ons privaat gesprekke ... omdat hy so sterk en stewig en onwrikbaar soos 'n rots vertoon het. Een seuntjie het selfs gedink hy is Liewe Jesus! Ek het baie by hom geleer. Dis nou by Ds. Steenkamp - nie Rots!

Welkom-Suid was vir my persoonlik 'n geweldige leerskool. Hard - maar nou agterna - lekker!


Dankie Heer vir Welkom-Suid - op my vormingspad.

Mooiste wense
Gerhard en Elize



Hierdie bladsy word geborg deur: Willie Kruger - Neem van foto's

**Feesboodskap:**



# Ds. Kallie le Roux

**3 April 1981 - 14 November 1988**

As ek en my gesin terug dink aan Welkom-Suid dan is dit 'n vreugdevolle en dankbare verhaal wat begin het op 3 April 1981. Geen ander gemeente, hoe wonderlik ook al kan nooit ooit die plek in jou hart vat, wat 'n eerste gemeente het nie. Ons is baie gelukkig waar ons alweer reeds tien jaar is, maar saam met Paulus sê ons in Fillipense 1:3-5

> "Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. In al my gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal, omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die Evangelie.
> Vers 7: Dit is ook heeltemal reg dat ek so oor julle almal dink, omdat julle my na aan die hart lê. Julle deel immers almal saam met my in die genade wat God my gee."

Welkom-Suid het ons geslyp vir die bediening, maar veral ook as mense. Welkom-Suid het ons oortuig dat ons maar net geroepe mense tussen ander kinders van die Vader mag wees. Daar het ons geestelike vaders, moeders, broers en susters gevind wat vandag nog nader aan ons is as gewone familie.

Ons dank die Here vir eredienste, wyksbyeenkomste, bybelstudies, basaars, veilings, toere, kategesekampe, huweliksverrykingskampe. Ek onthou 'n rugbywedstryd waar ons as betogers op die veld gegaan het. Op my plakaat het gestaan"Welkom-Suid put my uit.", maar dit was 'n een groot vreugde in diens van die Here.

Ons sê vandag nog dankie vir die voorreg om tussen mense soos u, ons voete in die bediening te kon vind. Mag God Welkom-Suid wonderlik seën op die pad vorentoe.

Groete in Christus
Kallie, Adri, Marius, Driaan, Elzanne en Willie le Roux



Hierdie bladsy word geborg deur: Sarel en Esther Esterhuizen

**Feesboodskap:**

A.J. Kriel

# Ds. A.J. Kriel

### 3 Desember 1982 - 27 Augustus 1995



Dit is vir my baie moeilik om 'n periode van byna 13 jaar in 'n klompie woorde te omvat. Daar was soveel vreugde en hartseer, soveel opwinding en verslaentheid, soveel berusting en bekommernis, soveel dankbaarheid en ontevredenheid wat saam beleef is!

Wat 'n voorreg was dit nie vir my om die Woord van God, in Welkom-Suid, te kon verkondig nie! Wat die prediking betref, het niks my so aangemoedig as die vaste wete, dat die grootste eer wat 'n mensekind te beurt kan val, oor my lewenspad gekom het, naamlik die eer en voorreg, "om die Evangelie van die onpeilbare rykdom van Christus te verkondig." [Ef. 3:8]. Die sigbare meelewing van die gemeente in die erediens en die eerlike gesprekke daarna, is nou nog vir my 'n kosbare kleinnood.

Die jeugwerk lê my nog na aan die hart. Ons kinders, wat met die ewigheid belaai is, moet soveel versoekings trotseer en op soveel roepstemme NEE antwoord dat die kerkraad nie anders kon, as om groot klem op hierdie bediening te lê nie.
ONTHOU U NOG:
• hoe die Kinderkrans met meer as 120 kinders en 13 leidsters, 'n kragtige voedingsaar in die gemeente was?
• dat soveel tieners aan die SKJA deelgeneem het, dat die onhanteerbaar groot geword het sodat die Kerkraad verplig was, om die aksie in 3 te verdeel?
• dat die koffiekamerwerk so geblom het, dat die Kerkraad 'n spesiale lokaal daarvoor laat aanbring het?
• dat die Here die kategeseskool met 'n puik kategetekorps, sowel as bekwame sekretarisse toegerus het? Dit was my ervaring in die belydenisklas, dat die katkisante jaar na jaar beter voorbereid was. Ek bring hulde aan hierdie gelowiges wat bereid was, om Sondag na Sondag 'n groot werk vir die Here te doen [Neh. 4:6] en ook gewillig was, om deurlopend toegerus te word. O ja! en die uitstappies met sy gebraaide wors, koulekker toebroodjies en heerlike drinkgoed bly my by!!
• Die CSV in Goudveld-Hoërskool met sy diepgaande Bybelstudie, oliegladde werkswyse, voorslag kringleiers en onvergeetlike kampe ... het 'n diep indruk op my jong gemoed gemaak. (Die CSV het geval onder die toesig van die Kerkraad van Welkom -Suid.)

My oortuiging is dat die Here Welkom-Suid se ouers op 'n besondere manier begenadig het deur aan julle 'n mooi toekoms in julle kinders te gee. Ek weet hulle, is soos ons, nie volmaak nie, maar hulle opregtheid, openlikheid, samewerking en byna plattelandse ingesteldheid, bly my na aan die hart. Ek vra dat julle as ouers ter wille van hulle, biddend voor die Here sal bly staan(leef).



Hierdie bladsy word geborg deur: Nico en Suzette Louw

As dit kom by die KERKRAADSLEDE moet en wil ek sê dat die oorgrote meerderheid welwillend teenoor my gestaan het. Ek dank die Here vir julle, want sonder julle kan die Äärons se hande nie bo bly nie.

Elke ouderling in die blok waarvoor ons verantwoordelik was, het huisbesoek-afsprake klokgetrou gemaak. Elke besoekpunt het hul woord getrou gestand gedoen of betyds met my gereël. Dit het dit vir my moontlik gemaak , om jaar na jaar deur ons deel van die gemeente te kon kom. Ek sê weereens baie dankie vir julle bedagsaamheid en welwillendheid. En wat beteken 'n leierouderling en leierdiaken nie alles vir 'n leraar nie? Sekere gelowiges vergeet 'n mens net nie! [Hebr.11]

ONTHOU U NOG:
• toe 80 en meer kerkraadslede op 'n Sondagmiddag opgedaag het vir skoling in Gemeentebou?
• al die baie kere toe u as kerkraadslid 'n kommissievergadering bygewoon het?
• nog al die goeie en mooi dinge wat u as voorsitter van 'n kommissie op die akker van die gemeente ingeploeg het?
• hoe progressief die kerkraad in sy benadering van die werk van die Here was? Ek is doodseker dat julle as kerkraad die gawe van geloof ontvang het.
• u voorgaan in u wyksbyeenkoms?
• hoe u as diaken maand na maand lidmate se bydraes ingesamel het.
Ek sê dit met oortuiging dat die kerkraadslede van Welkom-Suid positief en vrugbaar op ons bediening in die gemeente ingewerk het. Ons is nog steeds dankbaar.

Die werk van die Vroue-aksie (al weer 'n ander naam?) het my ook diep geraak. Watter klomp voorslagvroue het die Here nie aan sy gemeente in Welkom-Suid gegee nie? Die gemeentebiduur (onthou u nog toe ons vanweë die bywoning, kerksaal toe moes skuif??) asook die sustersbiduur, het vir my persoonlik baie beteken. Ook die ontbytbidure wat op Saterdagoggende was, het my stoutste verwagtinge oortref. So beskaam die Here sy kinders keer op keer.

Dit was vir my 'n bonus om saam met mev. Cremer vir soveel jare te kon werk. Wat die kantoor betref, kon ek met soveel gerustheid en dankbaarheid saans gaan slaap. Dit was ook waar wat betref die kosterwerk wat Sandra Meyer en oom Theuns en Pottie voor haar, verrig het. Ek dank die Heer ook vir die vrou wat Hy my gegee het. Te midde van 'n baie bedrywige lewe, was sy my altyd tot hulp en het sy ook haar verantwoordelikheid as gelowige in die gemeente getrou nagekom.

Lidmate wat aan die myn verbonde was, het ek as maklik, eerder as moeilik beleef. Manne wat donker al gesak het en honderde meters ondergronds hulle brood verdien het. Met huisbesoek kon ek dadelik begin met dit waarvoor die Here my gestuur het sonder 'n ge-'n en 'n ge-'a. Ook met berading en kriseshantering was hulle so oop soos 'n boek, so reguit soos 'n roer en so opreg soos die duiwe.

Of daar ook slegte dae was? Ja, dit was ook daar. Ons leef mos in 'n gebroke



Hierdie bladsy word geborg deur: Nic en Fransie van der Westhuizen

werklikheid en ons is mos mense wat op pad is; op pad na die Vaderhuis met sy baie wonings. 'n Mens moet ook mos leer om sekere dinge in die hand van God te laat. [1Petr.2:23]

In die woorde van Paulus [Ef.16-17] bid ek en my vrou

> "Dat die Here deur Sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee, om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

Aan Hom, wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is, om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. [Ef.3:20-21]

A en A.




Hierdie bladsy word geborg deur: Martin en Christa Louw

**Feesboodskap:**

# Ds. J. Kriel

## 15 Junie 1983 - 16 Julie 1989



Julle fees kom half as 'n skok! Kan Welkom-Suid werklik al 25 jaar oud wees? Waar het die tyd so onder ons uitgeloop?

Baie geluk Welkom-Suid. Dis 'n groot mylpaal, en ons is bly ons kon vir ses jaar deel daarvan wees. Mag die feesvieringe self, en die jare vorentoe vol vreugde, genoegdoening, groei, en vrugbare arbeid wees.

Die tyd waarin julle die 25ste herdenking van die Gemeente vier, kan dalk vir sommige mense met swaarmoedigheid laat. Maar ons is oortuig dat die Goudvelde se huidige probleme eerder as 'n uitdaging gesien moet word. As ons daarin gaan slaag, kan dit 'n bepalende faktor word vir die toekoms van die Kerk vorentoe. Die tyd is vir ewig verby dat die Kerk op sy louere kan rus, en op die "suksesse" van die verlede kan teer. Ons leef in veranderende tye wat ander benaderings van ons eis. Ons kan eenvoudig nie aanvaar dat iets moét werk, net omdat dit al die jare in die verlede gewerk het nie. Die enigste onveranderlike is die Evangelie, maar oor die vraag hoe daardie onveranderlike boodskap in ons dag moet aangebied word om die mense van ons dag aan te spreek en na Christus te trek, daaroor sal ons voorturend vars en nuut moet dink. Die groot uitdaging vir ons, is hoe om die nodige aanpassings binne die Gereformeerde raamwerk te doen, sodat ons sowel nuut as standvastig kan bly. Mag die Here u hierin die nodige wysheid gee.

Ons bid u die Here se rykste seën vir u feesvieringe en die toekoms toe.

Johan en Alice Kriel



Hierdie bladsy word geborg deur: Janet Cujic

# Ds. J. Kriel onthou ...

Ons sal nooit kan vergeet van die ses jaar wat ons bevoorreg was om die Here in Suid te dien nie. Dit was voorwaar 'n leerskool op meer as een manier.

Dit was veral 'n nuwe ervaring om met medeleraars saam te werk. Die hele stad-opset was ook vir ons radikaal anders as die plattelandse opset van Bulawayo. Maar 'n mense leer gou om by die ander omstandighede aan te pas. Gelukkig het ons toe 'n paar van Welkom se baie goeie jare beleef. En wat ons van hierdie stad opgeval het, was die vriendskappe wat mense sluit. Ons sal nooit die vriendelike ontvangs vergeet wat ons hier te beurt geval het nie.

'n Ander ding wat ons nooit sal vergeet nie, was die Bring-en-plant wat op Ds. Kallie se inisiatief gehou is. Die tuin was heeltemal kaal en oop, maar ná daardie dag het ons tuin nie slegs plante gehad nie, maar ons het sommer ook 'n klomp vriende bygekry. Die tuin wat vandag daar staan, is nog steeds getuienis van mense se vrygewigheid en liefde.

Die bediening het ook sy kwota snaakse dinge. Op 'n dag was ek agter in die tuin besig, toe twee belhamels wat op heterdaad betrap was toe hulle by die agterste bure ingebreek het, skielik oor die preconmuur peul. Van pure skrik gryp ek toe sommer 'n stoel en storm op hulle af terwyl ek skree: "Wat maak julle?" Hulle skrik toe nog gróter, en vat toe kortpad oor Oom André de Villiers se muur. Wat hulle nie geweet het nie, was dat daar presies op daardie plek 'n groot turksvybos gestaan het. Hulle het behoorlik 'n pad deur die bos gehardloop. Ek dink nie hulle het goeie herinneringe van dáárdie inbraak nie!

Baie snaaksighede vind op troues plaas. Eendag het ek, uit pure senuweeagtigheid, vergeet om die bruidspaar die huweliksregister te laat teken. Hulle was al amper by die deur uit toe dit my byval wat ek gedoen het. Dit was 'n hele gedoente om hulle weer terug te kry vir die ondertekening, maar gelukkig was almal darem baie verdraagsaam!

By 'n ander geleentheid was die troue beplan om vieruur (rugbytyd!). Die dame wat die orrel moes speel, vergeet toe van die tyd ... sy meen toe dis vyfuur! Intussen het die bruid by die kerk opgedaag, en sy staan en wag toe sodat sy met begeleiding die kerk kan binnekom, maar al wat opdaag is die orreliste! So teen twintig oor vier besluit ek toe om uit tevind wat aangaan. Ek staan toe op en kondig ewe ernstig aan: "Ek gaan nou rugby kyk. Roep my asb. as die bruid opgedaag het!: Daar was 'n taamlike geruis in die kerk, maar ek stap toe uit. Gelukkig was Anette Kriel by die huis, en sy het toe die situasie gered. Toe die eintlike orreliste vir die dag opdaag, was die troue verby!

En so is daar baie herinneringe, bitter en soet, maar God laat alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet.



Hierdie bladsy word geborg deur: Peet en Karin Kirsten

**Feesboodskap:** **Ds. G.F.M. Oosthuizen**

**24 Maart 1988 - 16 Julie 1995**





**'n Herinnering met 'n toekoms**

Ons was maar nog baie groen toe ons in 1988 met ons bediening in Welkom-Suid begin het. Ook nie mooi geweet waar om te begin en wat om te doen nie. Oral raad gekry, maar nog steeds nie mooi geweet hoe om dit alles te doen nie. Omdat die Here my 'n verhoudingsmens gemaak het, het ek toe maar die weg van die minste weerstand gevolg en maar sulke algemene kennismaak-huisbesoeke gedoen. Hoewel ek toe nog nie 'n idee gehad het van wat huisbesoek regtig moes wees nie, sou dit later deel van die kern van my bediening word.

Van huis tot huis het die kennismaking verskil: "Goeienaand, Dominee, kom binne!" en "Van watter gemeente is Dominee?" tot "Ja, ons het gehoor hier kom 'n nuwe dominee!" Sommige van hierdie huisbesoeke het eers 'n hele paar maande na my aankoms plaasgevind [ uit die aard van die saak - ek was van die begin af nie alomteenwoordig nie, en blykbaar ook nie alombekend nie ]! Een so 'n besoek sal ek nooit vergeet nie !

Dit was Packerstraat 29, Jan Celliers Park. 'n Engelsman het die deur oopgemaak. Die reuk van 'n heerlike aandete het in die lug gehang, hoewel ek nooit kon agterkom of al genuttig was nie. Die Engelsman het kortliks vertel dat hy eintlik nie 'n lidmaat van Welkom-Suid was nie - hy dink dat hy eintlik lidmaat of dooplidmaat van 'n Engelstalige kerk was. Sy vrou het darem so dan en wan eredienste bygewoon. Die kennismaking het baie vinnig verloop en voor ek my behoorlik kon kry, het die gesprek 'n geestelike strekking gevolg. Dit was eintlik nie my bedoeling nie, want ek wou net kennismaak.

Brian vertel dat sy broer 'n paar jaar tevore by Western Holdings vermoor is - met pangas doodgekap. En sederdien is hy intens bewus daarvan dat God met hom op pad is. Sy vrae het min of meer as volg verloop: 1. "Kan 'n mens seker wees dat jy 'n kind van God is?" 2. "Hoe word 'n mens 'n kind van God?" en 3. Sal jy my asseblief help - ek wil nou 'n kind van God word !"

En so gebeur dit dat ek as jong predikant die eerste keer iemand in die gemeente na God toe lei. Ek het nie daarvoor gevra nie, dit nie beplan nie, nie eers probeer nie. Maar God se werkswyse was foutloos op tyd - berekend, gereed en getrou. So het ons vir God leer ken en so het Hy met ons 'n pad deur die bediening gestap. Ek wens ek kon ook van die ander geleenthede vertel, toe God se verlossing, Sy getrouheid en Sy liefde vir mense in ons tyd in Welkom-Suid bymekaar gekom het.

Hierdie gebeure was vir ons 'n voortsetting van 'n roeping van jare tevore, dit was 'n bevestiging van God se pad met ons en was ook die oefenskool vir die pad waarop ons vandag loop. Nooit weer sal ons die sending verlaat nie, al is nooit 'n baie lang tyd. Ons sien nou na nog een ding uit - wanneer ons en Welkom - Suid se paaie in die sendingveld sal kruis.

Groetnis !

Muller en Eureka Oosthuizen



Hierdie bladsy word geborg deur: Martin en Christa Louw

**Feesboodskap:**

# Ds. L.M. Foot

**20 Januarie 1989 -**



**Aan die gemeente van die Here Jesus Christus in Welkom - Suid**

*2 Kor 5: 19a Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie.*

Mense wat dikwels niks met mekaar in gemeen het nie, word met die band van Christus se bloed aan mekaar gebind en vorm so 'n eenheid. Vyf en twintig jaar gelede het hier in Naudèville en Jan Cellierspark so 'n groep byeengekom en 'n nuwe gemeente gestig.

Die res van hierdie feesblad is die bewys van alles wat hierdie gemeente oor baie jare gedoen het. Baie van ons was deel van 'n groot deel van daardie jare. Die dinge wat hier gebeur het, het gebeur omdat ons dit laat gebeur het ; en ons het dit laat gebeur omdat die Gees van Christus wat in ons woon, ons daartoe aangespoor het.

Soos wat ons deur deur die optekening van die geskiedenis blaai, sal ons onsself herken in baie van die gebeure. Sommige van u was deel van die eerste groep lidmate wat die gemeente gevorm het. Dalk het u op die eerste kerkraad gedien. Dalk is u een van die eerste kinders wat in die gemeente gedoop is, of dalk het u deel gehad aan die eerste nagmaal. Dalk het u, soos baie ander, eers later gekom en was u lidmaat toe daar aangebou is aan die oorspronklike kompleks. Dalk het u nog later gekom toe ons die koffiekamer en die ander kategese lokale aangebou het. Dalk sien u uself iewers op 'n basaarfoto van jare terug. Dalk was u die een wat altyd agter die skerms aan die werk en bid was vir hierdie gemeente. Dalk sien ons nie u naam of gesig in hierdie blad nie. Dalk het u eers verlede maand by die gemeente aangesluit.

Wat u posisie ook al is, u is welkom om saam met ons fees te vier oor hierdie gemeente wat vir ons almal 'n geestelike tuiste gebied het oor baie jare. Ons het nie net bouwerk aangepak of basaars gehou nie. Ons het oor 'n kwarteeu honderde jongmense en volwassenes gelei om die Here te ontmoet as Verlosser en Saligmaker. Hieroor kan ons saam met die engele in die hemel bly wees. Elke keer wanneer die gemeente oor die afgelope vyf en twintig jaar nagmaal gevier het, kon ons teenoor mekaar getuig hoe goed die Here vir ons was en steeds is.

Dit is goed om fees te vier en trots te wees op die verlede, maar die tyd wag vir niemand nie. As ons as gemeente 'n suksesvolle vyftigste fees wil vier, sal ons die uitdaging van die toekoms moet aanvaar en luister na die tweede deel van die vers wat ek hierbo aanhaal: 2 *Kor 5:19b Diè boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.* Die sukses van enige gemeente sal nie meer in die toekoms bepaal word deur die aantal jare wat die gemeente kan bly bestaan nie. Die klem het verskuif na die mate waarin die gemeente(lede) gehoorsaam is aan die opdrag van die Here om die goeie nuus van die kruis aan 'n verloregaande wêreld te verkondig.




Hierdie bladsy word geborg deur: Johan Esterhuizen - Tik en uitleg van Gedenkblad

Welkom-Suid het die uitdagings van die afgelope vyf en twintig jaar suksesvol aanvaar. Is ons gereed en bereid om die uitdagings van die volgende vyf en twintig jaar te aanvaar?

Mag die God en Vader van ons Here Jesus Christus ons hierin help, sodat ons oor nog twee en 'n half dekades met trots voor Hom kan staan.

Groete


Leon M Foot





Hierdie bladsy word geborg deur: Koos en Ronelle van Zyl

**Feesboodskap:**



# Ds. N.S. Dicks

**29 Oktober 1995 -**



Van Nico en Marina Dicks, dopelinge Grovè en Marico, dienaars van Christus Jesus.
Aan almal in die Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid wat aan Jesus Christus behoort, met hulle ouderlinge en diakens, groete.

Die Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid het deur afstigting van die twee gemeentes St. Helena en Welkom-Gemeente in die grotere Welkom onder leiding van die Heilige Gees tot stand gekom. Die Gemeente het ontwikkel en gegroei binne 'n myngemeenskap wat grootliks deur die mynindustrie, direk of indirek, onderhou is.

Die groeteboodskap aan die gemeente moet die faktore, teologies, kerklik of andersins, wat 'n invloed gehad het op die manier van bediening en ontwikkeling van hierdie besondere gemeente van Jesus Christus, verantwoord. Die Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid moet verantwoording doen oor die wyse waarop dit as gemeente, gemeente van Christus was en steeds is.

Rekenskap moet ook gegee word van die mate waarin die gemeente hom vereenselwig met die kerk waarmee hy in verband staan en in hoe 'n mate hy hom as 'n besondere gemeente onderskei.

Die Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid is Kerk van Jesus Christus waar Gods Woord suiwer verkondig en aangehoor word en die sakramente volgens die instelling van Christus bedien word. Die algemene kerk bestaan uit 'n verskeidenheid wat uit allerhande volke oor stede en dorpe versamel is. Gemeentes word deur afstande van mekaar verwyder, maar die een waarheid van die Goddelike leer en die band van dieselfde godsdiens verbind hulle aan mekaar. Elke gemeente besit met reg die naam en die identiteit van die kerk. So is dit ook die geval met die Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid.

Ons opregte groete:

Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid onthou dat hierdie gemeente deur Sy genade Kerk van Jesus Christus is en dat elke gelowige van die gemeente aan Christus behoort, waar hy ookal mag wees.

Hou as lidmate van die Ned. Geref. Gemeente Welkom-Suid steeds soos die afgelope 25 jaar die oë op Jesus Christus gevestig as die begin en die voleinding van die geloof.

As verlosser het Hy hom uit liefde verbind aan hierdie gemeente as Sy gemeente wat Hy getrou sal versorg en bewaar.

Laat Jesus Christus wat die hoof van die gemeente is, u in die verband regeer, deur Woord en deur Gees.

Wees dankbaar vir 25 jaar en laat die toekoms sprekend wees van Sy heerskappy.




Hierdie bladsy word geborg deur: Oom Jannie en tant Sannie Joubert

Dankie Ned. Geref. Gemeente Welkom - Suid. Ons as gesin beleef die kerkraad en gemeente ontvanklik, beskermend,aanmoedigend en positief teenoor ons. Samewerking vind ons altyd ten spyte van die feit dat daar baie leiers in die gemeente is wat op baie ander terreine in die gemeenskap betrokke is en ook leiding neem.

Bid vir ons en ook vir almal wat deur die bloed van Jesus Christus vrygekoop is van hulle sonde.


Aan hom, die enigste en alwyse God, behoort die heerlikheid deur Jesus Chistus tot in ewigheid !
Amen.






Hierdie bladsy word geborg deur: Annie Quinn

# Kategese



Graad 1



Graad 2



Hierdie bladsy word geborg deur: Dawie en Daleen Snoer



Graad 3



Graad 4



Hierdie bladsy word geborg deur: Piet en Christine Lategan



**Graad 5**



**Graad 6**



Hierdie bladsy word geborg deur: Japie en Gerda du Plessis

# KERKRAAD 1974



Voorste ry: F.J. Viljoen, M. P. Prinsloo; P.J. Vorster; F. R. Pretorius; F. Mostert; Ds W. J. Steenkamp; P.L. van Aswegen; N.J.T. Storm; I.J. Joubert; B. Klinck; B. Fouche

Tweede ry: J.H.L. de Bruin; T.C. van der Hoven; J.M. van Tonder; T.C. Prinsloo; M.J. Brits; J.F. Greyling; T.C. de Bruyn; K. Kubirske; C.F.J. Meyer; P.B. Bernard; J.D.L. du Plooy, J.P. van Zyl, W. Pansegrouw; W.J. Paulsen

Derde ry: J.B. du Toit; J.H.W. Kleingeld; R.H. Quinn; E.P.S. Eckly; W.F. Faber; C.H.P. Graham; T.F.J. Oosthuizen; J.C. van Zyl; J.S. van Schalkwyk; J.W.E. Engelbrecht; J.L. Cremer

# 1999



Voor: N. v.d. Westhuizen; H. Oosthuizen; J. Joubert; M. Prinsloo; Ds. L.M. Foot; Ds. N.S. Dicks; M. Louw; P. Slabber; F. Ferreira; I. Bester

Eerste ry: D. Slabbert; F. Pardau; H. v. d. Merwe; R. Slabbert; P. Venter; R. van Heerden; A. Quinn; R. Beukman; T. Colloty; C. Louw; C. Slabber; K. Cremer; A. van Coller

Tweede ry: P. Liebenberg; P. Herselman; F. van Heerden; S. Esterhuizen; O. Nieuwoudt; F. van Dyk; L. Kriek; I. Joubert; G.Grobelaar

Derde ry: P. Kleingeld; J. Bothma; B. du Toit; D. Potgieter; B. Fivaz; J. Galjaard; G. Genis; W. Colloty; F. Fourie; D. Prinsloo; A. Labuschagne


Vierde ry: P. Sonnekus; J. Fourie; G. Hinrichs; J. van Rooyen; N. Steyn; O. O'Brien; J. du Plessis; G. van Jaarsveld; H. Pretorius; D. Snoer; W. Fourie

**HIERDIE BLADSY WORD GEBORG DEUR: LUX VERBI - PICK 'N PAY SENTRUM WELKOM**


# ONTVANGS EN BEVESTIGING...



1975 - Ds. en mev. W.J. Steenkamp



1978 - Ds. en mev. G.K. Malherbe



1981 - Ds. en mev. N.L. le Roux




1982 - Ds en mev. A.F. Kriel




Hierdie bladsy word geborg deur: Blikkies en Elna van der Merwe


# ONTVANGS EN BEVESTIGING...




1983 - Ds. en mev. J. Kriel



1989 - Ds. en mev. L. Foot



1988 - Ds. en mev. M. Oosthuizen



1995 - Ds. en mev. N. Dicks

Hierdie bladsy word geborg deur: Corrie en Elsabé Rademeyer - Elcor Supplies

# KERKRAAD

## TYDENS MONDIGWORDING VAN DIE GEMEENTE

# 1995



Voor: I. Bester, H. Burger; J.Galjaard; C. Slabber; S. Esterhuizen; Ds A.F. Kriel; Ds L.M. Foot; F. Eckley; A. Meyer; J. Bothma; I. Joubert

Eerste ry: R. Beukman; R. van Heerden; P. Erasmus; P. Venter; A. Kriel; W. van Rensburg; H. du Plooy; S. Olivier; K. Cremer; C. Louw; A. Quinn; M. Lubbe; R. Erasmus; I. Botes

Tweede ry: P. Slabber; H. Oosthuizen; D. Prinsloo; B. Jooste; J. Botma; D. Potgieter; F. Ferreira; F. Mostert; P. Faurie; I. Botha

Derde ry: P. Marx; D. Dippenaar, J. Jacobs; K. Nel; G. van der Merwe; J. Venter; P. Kirsten; D. Eager; R. Traut; J. van Rensburg; H. van den Berg

Vierde ry: H. Pretorius; J. Joubert; C. van der Westhuizen; P. Möller; J. van Rooyen; B. Ekkerd; P. Jacobs; J. Redelinghuys; M. Prinsloo; N. van der Westhuizen; L. Kriek; J. de Beer

Vyfde ry: B. van Rensburg; B. du Toit; H. van der Wath; A. van der Westhuizen; K. D'Alebout; I. Coetzee; G. Fourie; D. Scheepers; S. Booyens; W. Maritz

## LIDMATE SEDERT STIGTING IN DIE GEMEENTE




Voor: K. Cremer; I. Nimb; S. Olivier; F. v. d. Westhuizen; R. du Toit; A. Matthysen; A. van Zyl; P. Erasmus; R. Prinsloo; J. van Zyl; J. Bester; L. Britz; T. Fouche

Staande: J. Cremer; M. Prinsloo; A Quinn; S. Meyer; A. Fourie; A. Meyer; N. v. d. Westhuizen; B. du Toit; S. Esterhuizen; J. Matthysen; E. Esterhuizen; J. van Zyl; B. van Rensburg; R. Joubert; I. Joubert; I. van Zyl; I Bester; G. Brink; A. Brink



HIERDIE BLADSY WORD GEBORG DEUR: JOHAN BLIGNAUT - SUPA CLEAN

# Kategese



Graad 7



Graad 8



Hierdie bladsy word geborg deur: Corrie en Elsabè Rademeyer - Elcor Supplies



Graad 9



Graad 10




Finalejaars




Hierdie bladsy word geborg deur: Anton en Sandra Meyer

## Tuinparty by derde pastorie



## Bejaardes word onthaal





Hierdie bladsy word geborg deur: Wessel en Elsa Pansegrouw

# Die Stad Welkom

**Kwarteeufeesviering NG Gemeente Welkom-Suid**

FEESBOODSKAP

As mede-gelowiges in Jesus Christus is dit vir my 'n besondere voorreg om die Gemeente van Welkom-Suid geluk te wens met die viering van 'n kwarteeu se bestaan.

Die Stad Welkom het vanaf sy ontstaan die vestiging en uitbouing van die Christelike geloof ondersteun. Vandag is ons met reg trots om te kan getuig dat die regsgebied van Welkom, waarby die gebiede Riebeeckstad, Thabong en Bronville ingesluit is, 166 Christelike gemeentes van verskeie kerkgroeperinge gevestig het. Uit 'n beraamde bevolkingsgetal van 350 000 wat in Welkom woonagtig is, word volgens kenners geraam dat 78% van die bevolking Christene is. Dit sou dus die aantal Christene op ongeveer 273 000 te staan bring.

Met die bogenoemde statistiek in berekening, kan ons slegs die Hemelse Vader dank vir die seëninge wat oor ons stad uitgestort word. U, as Gemeente, het oor die afgelope 25 jaar 'n groot rol in die bediening van die Christelike geloof en uitbreiding van Sy Koninkryk op aarde gespeel. Daar word vertrou dat u die Godgegewe opdrag met besondere toegewydheid in die toekoms verder sal voortsit.

Dit is die Stadsraad van Welkom se voorneme om steeds Christelike gemeentes behulpsaam te wees met die verkondiging van God, die Drie-Eenheid, se Woord, hetsy op 'n indirekte wyse. Die Raad hef steeds geen belasting op kerkpersele nie en handhaaf die beleid dat eiendom wat vir kerkgeboue bedoel is, teen nominale waarde aan kerkgenootskappe beskikbaar gestel word

Dit is my vertroue en gebede dat die verhouding tussen die Plaaslike Oorgangsraad en die Gemeentes op Bybelse grondslag voortgesit sal word, soos wat God dit self ingestel het. Daarmee saam wil ek u Gemeente versoek om voortdurend vir die owerhede te bid. Sonder die gebede van gelowiges sal die owerhede nie sy regeerfunksie tot die beswil van sy onderdane kan uitvoer nie.

Die Oorgangsraad van Welkom wens hiermee sy groete aan u Gemeente oor te dra. Mag God u ryklik seën op die pad vorentoe. Mag die Vrede van Jesus Christus, wat alle verstand te bowe gaan, ook deur u Gemeente na die totale Gemeenskap van Welkom uitgedra word.

Rdl. Z. Thuthani
Burgemeester 1997/98



Hierdie bladsy word geborg deur: Nico en Suzette Louw

# Naudéville Primêre Skool

Primêre Skool Naudéville is sedert 1982 deel van die gemeenskap van Welkom. Gedurende die afgelope 17 jaar het 'n groot deel van ons kinders en ons ouers 'n tuiste gevind in Welkom-Suid.

**Ons skool se missie lui as volg:**
Om deur die beste beskikbare metodes en fasiliteite, bekostigbare onderwys in Afrikaans aan die leerlinge te bied, waardeur hy/sy tot eer van God tot sy volle potensiaal en in totaliteit opgevoed word.

Hierdeur verbind die skool hom tot 'n Christelike opvoeding van ons kinders en vind dus aansluiting by die geestelike verryking en opbouing van geloof deur Welkom-Suid. In die lig hiervan is dit vir ons 'n voorreg om te kan deel in die kwarteeufeesvieringe van Welkom-Suid. Soos wat die Here ons skool die afgelope 17 jaar geseën het, so het Hy ook ons gemeente oor 25 jaar ryklik geseën en weet ons dat Hy ons ook in die volgende 25 jaar ryklik sal toevoeg met gawes wat net hy aan ons kan bied.

Baie dankie vir die dienste van Welkom-Suid gebied aan ons skool die afgelope 17 jaar. Beide ons instellings streef na die omhoogleiding van ons "gemeenskap" en hierin het ons ware vesting in Welkom-Suid gevind.

Baie sterkte met die feesvieringe en mag Welkom-Suid ryklik geseën wees met al Sy wonderlike gawes.

G.J.P. Nieuwoudt
Skoolhoof



Hierdie bladsy word geborg deur: Patrick en Petro Brink

# Primêre Skool St Helena

Geagte Kerkraadslede en Gemeentelede van die NG Gemeente, Welkom-Suid.

## In alle omstandighede dankbaar

Dit is vir my 'n groot voorreg, om saam met my gesin, in hierdie gemeente te kon dien vanaf 1979. Gedurende hierdie tydperk het ek dikwels diens as ouderling verrig en by verskeie geleenthede was ek ook leierouderling.

Talle leerlinge van ons gemeente besoek die Primêre Skool St Helena. Baie van hulle het ook leiersposisies by ons skool beklee. Op die terrein van die opvoeding kon die Primêre Skool St Helena ook 'n bydrae lewer tot voordeel van ons gemeente se jeug. Daarvoor is ons dankbaar teenoor ons Hemelse Vader.

Kyk ons terug op die pad van ons gemeente is daar soveel persoonlikhede wat 'n blywende indruk gemaak het. Mense wat 'n verskil gemaak het. In die eerste plek dink ons aan die leraars, maar ook aan persone soos broeders, Giep Rossouw, Tienie Prinsloo, Theuns de Bruin, Theuns Prinsloo, Ben Theron, Sakkie van Zyl, Piet Naude, Mossie Mostert, Chris Blignaut ens.

Soos met die gemeentes die geval is, het Welkom-Suid nie net altyd voorspoed beleef nie, maar daar was ook dae wanneer dit minder goed gegaan het en ons Hemelse Vader ons sterker gemaak het om Hom volkome te dien.

Al sou ons 'n opgawe van alle bates en laste maak, dan bly die belangrikste nog: "Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag." (1 Thess. 5:18).

In voorspoed en teëspoed, in rykdom en armoede, in oorvloed en gebrek, in vreugde en rou - in alles moet ons ons dankbaarheid teenoor die Here betuig.

Die Primêre Skool St Helena is saam met elke lidmaat dankbaar vir 'n kwarteeu van seën. Ook vir die geringste van seëninge moet ons die Here dank.

Die allermooiste wense vir die toekoms word u toegebid.

Schalk van Schalkwyk
Prinsipaal: Primêre Skool St Helena



Hierdie bladsy word geborg deur: James en Anna Matthysen

# Goudveld-Hoërskool, Welkom

**Feesboodskap: N.G.-Gemeente Welkom-Suid**

**25 Jarige Feesviering**

Die taak van die kerk is die verkondiging van die evangelie en deur sy lidmate oefen die kerk in ons Christelike gemeenskap 'n invloed op die gees en rigting van Goudveld-Hoërskool uit. Hierdie besondere verhouding met die N.G. Gemeente Welkom-Suid bestaan reeds die afgelope 25 jaar. Die soewereiniteit van God, die Koningskap van Jesus Christus en die lig van Gods Woord geld sonder voorbehoud in u kerk en so ook in Goudveld-Hoërskool, daarom dat ons kan handevat en in die opvoeding van ons kinders mekaar ondersteun.

Soos die kerk sy sin en bestemming in God alleen soek, so vind ons as skool ook ons sin en bestemming in God. U, as kerk, het voorwaar die afgelope kwarteeu help vorm aan ons leerders deur middel van kategese en talle positiewe insette by ons skool se VCSV, ander Christelike feesdae en samekomste, asook in die lewens van individuele leerders in nood.

Baie dankie aan u as gemeente vir u voorbeeld, leiding en groot rol in die omhoogleiding van ons kinders en die ondersteuning aan ons ouers en onderwysers die afgelope 25 jaar.

Baie geluk met u 25 jarige vieringe.

- Mag u as gemeente steeds die vrugte van die Gees dra;
- Mag u suksesvol wees in u koersbepaling op grond van die Heilige Skrif;
- Mag God u toerus met alles wat goed is, sodat u Sy wil kan doen!

Met opregte Goutiegroete.

S.W.P. Scott
Skoolhoof



Hierdie bladsy word geborg deur: Anton en Sandra Meyer

*Feesboodskap:*

# HTS Welkom

By geleentheid van die viering van die gemeente Welkom-Suid se kwarteeufees, voeg ek graag ons skool se hartlike gelukwensinge by dié van soveel andere.

Kyk terug en wees dankbaar; kyk vorentoe en wees hoopvol, maar kyk veral boontoe en wees gelowig.

Groot was die taak van dié gemeente in die Goudveld in die verlede, maar groter sal dié taak in die toekoms word, veral die werk rondom die jeug, gaan groter toewyding en volharding vra. Met dankbaarheid sien ons die vrug van die kerk in ons belydende jeug en daarom bid ons dat die ywer vir die Huis van die Here nooit in dié gemeente sal ontbreek nie en daarom het ons rede om met groot vreugde, van harte saam met u fees te vier!

Mag hierdie mylpaal wat u bereik het vir elke lidmaat 'n geestelike ondervinding wees. Mag die gemeente Welkom-Suid op pad van die nuwe eeu tot groot hoogtes en ywer vir Gods Koninkryk kom. Ons dank Hom, dat Hy "wat die goeie in ons begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus".

Baie sterkte en innige groete.

Bruwer du Toit
Skoolhoof: HTS Welkom



Hierdie bladsy word geborg deur: Ben en Patti van Coller

# *Orion Skool*

Baie geluk met u 25 jarige bestaansjaar. Daar is blydskap, dankbaarheid en vreugde daaroor in die hele gemeenskap.

Wanneer 'n mens stilstaan en terugkyk oor 'n kwarteeu wil ons graag hulde bring aan die Hemelse Vader vir elkeen wat 'n aandeel gehad het in die geskiedenis van die N.G. Gemeente Welkom-Suid om Sy opdrag uit te voer.

Namens die skool, beheerraad en ouers wil ons soos Paulus in 2 Korinthiërs 13:12 ons groete oordra:

"Groet mekaar met die soen van Christelike broederskap. Almal wat aan die Here behoort, stuur vir julle groete."

Ons dank God vir sy onmisbare seën oor die afgelope 25 jaar vir u gemeente. Ons smeek Hom om in die volgende 25 jaar in dubbele mate, aan die N.G. Gemeente Welkom-Suid te skenk.

Vriendelike Groete.

Hennie Burger
Skoolhoof



Hierdie bladsy word geborg deur: Hennie en Lorinda Storm

# Welkom-Gimnasium

## Feesboodskap: NG Welkom-Suid

Dit is met groot blydskap dat ons NG Kerk: Welkom-Suidgemeente geluk wil wens met hul kwarteeufees. Die Here se genade was groot en Sy beskerming alomteenwoordig.

Kerk, staat en skool is tradisioneel die drie strukture buite die huisgesin wat help om die jeug na volwassenheid te lei ... en hierin het Welkom-Suid uitmuntend in sy rol geslaag! Die honderde kinders wat in die vyf-en-twintig jaar deur die kleuterkerk, kategese skool en ander jeugaktiwiteite na anneming/voorstelling beweeg het en wat 'n volwaardige plek in die gemeente gevind het, getuig van Welkom-Suid se onvermoeide ywer en bemoeienis met die kinders van Welkom.

.... en in die proses kon Welkom-Gimnasium en Welkom-Suidgemeente nog altyd hande vat, mekaar onderling ondersteun om die pad van jeugontwikkeling saam te loop. Gimnasium het nog altyd net die beste samewerking van die gemeente ontvang en het 'n groot waardering vir dit wat die gemeente vir sy kinders beteken. Gimnasium is uit die Welkomse gemeenskap en daarom is dié topskool en Welkom-Suid NG-gemeente geesgenote.

"Maar laat almal wat by U skuil,
bly wees,
laat hulle altyd jubel.
U beskerm dié wat u Naam liefhet,"
(Ps. 5:12)

Rudolph Cloete
Skoolhoof



Hierdie bladsy word geborg deur: Sakkie en Jackie Bester

# Sekondêre Skool Unitas

Unitas handhaaf Christelike norme en standaarde en daar is 'n aktiewe Christen-vereniging, sowel as 'n sanggroep wat die goeie nuus van redding in Christus uitdra.

Unitas het gegroei van 'n handelskool (gestig in 1958) tot 'n volle akademiese instelling wat die belangrikheid van beroepsgerigte onderwys ten volle besef en is die enigste sekondêre skool in die Goudveld waar Hotelhouding en Toerisme, sowel as handelsvakke en Natuurwetenskappe, aangebied word.

Veral onder die innoverende leiding van mnr P.J. Steyn (vorige skoolhoof), het Unitas dit as sy Chritelike roeping gesien om die gemeenskap in sy totaliteit te dien en geleenthede te bied oor alle taal- en kultuurgrense heen.

Unitas Sekondêre Skool wens hiermee die NG Kerk Welkom -Suid 'n geseënde toekoms toe. Ons bid vir God se leiding aan leraars en lidmate in die volgende vyf en twintig jaar sodat Welkom-Suid sal groei en met insig die boodskap van vrede en liefde sal uitdra na almal buite die kerkmure.

Ons stuur graag vir u Handelinge 10 as groete - boodskap.

Seënwense in Christus van die personeel en leerlinge van Unitas.

J.H. Wessels
Skoolhoof



Hierdie bladsy word geborg deur: Janet Cujic

# *Het jy geweet ...*

29 Julie 1974 : Die NG gemeente Welkom-Suid word gestig.
Ons gemeente se bruidskat het van twee gemeentes gekom, nl. vanaf St Helena en Welkom. Die skenkings was soos volg:

**Vanaf St Helena- gemeente**
'n Bruidskat van R30 000 kontant plus R20 000 in gelyke paaiemente versprei oor vyf jaar asook fondse om 'n pastorie-erf aan te koop.

**Vanaf Welkom-gemeente**
Twee erwe waarvan een 'n kerkerf is.

Die eerste kerkraad het bestaan uit die volgende broers en is tydens ons gemeente se eerste aanderediens op 11 Augustus 1974 in die St Helena gemeente se kerkgebou in hul ampte bevestig deur ds H.J. Smith, die konsulent van Dagbreek-gemeente.

| **Ouderlinge** | **Diakens** |
|---|---|
| P.B. Bernard | C. Bester |
| T.C. de Bruin | E. Botes |
| B. Fouche | J.L. Cremer |
| J.F. Greyling | J.W.E. Engelbrecht |
| L.P.C. Jansen | P.A.R. Erasmus |
| I.J. Joubert | W.F. Faber |
| K. Kubirski | M.E.J. Henning |
| J.F. Moolman | B. Klinck |
| F. Mostert | C.F.J. Meyer |
| F.R. Pretorius | D.J. Miles |
| M.P. Prinsloo | T.F.J. Oosthuizen |
| T.C. Prinsloo | W.J. Paulsen |
| T.C. van der Hoven | L.A.R. Schultz |
| J.M. van Tonder | M. van B. du Toit |
| F.J. Viljoen | D. van der Merwe |
| A.L. Visagie | J.C. van ZYL |
| A.C. Vlok | J.P. van Zyl |
| P.J. Vorster | R. van Zyl |


Die eerste oggenderediens van die gemeente is op 18 Augustus 1974 in die saal van die Welkom Kollege gehou en is waargeneem deur ds H.J. Smith om 10:30.



Hierdie bladsy word geborg deur: Jan en Annatjie van Zyl

**In die beginjare was Welkom Kollege ons eerste kerkgebou**








| | |
|---|---|
| Hierdie bladsy word geborg deur: | Oom Jannie en tant Sannie Joubert |

12 Augustus 1974 : Die eerste Kerkraadsvergadering van hierdie gemeente vind plaas in die personeelkamer van Goudveld- Hoërskool onder die voorsitterskap van ds H.J. Smith van Dagbreek gemeente.

Die eerste skriba/kassier was mnr P.B. Bernardt.
Die eerste orrelliste was mev A.E. Oosthuizen.
Die eerste koster was Mnr T.C. de Bruin.

In die eerste jare is daar elke maand 'n kerkraadsvergadering gehou behalwe in die maande Julie en Desember.

Die eerste kollektebordjies is deur Oudl B. Fouche gemaak.

In die eerste jare het besoekende leraars R 6-00 per diens en tien sent per km ontvang vir dienste gelewer.

6 Oktober 1974 : Die eerste doopdiens van die gemeente vind plaas.
Die volgende babas is gedoop deur ds H.J. Smith van Dagbreek gemeente :
Daniël de Beer, Lina de Villiers, Willem Stephanus Smit, Yolande Samuels en Hannelie van der Westhuizen.

17 November 1974 : Ons gemeente se eerste Nagmaal vind plaas. Die diens word waargeneem deur ds D. Theron.

Februarie 1975 : Ds W.J. Steenkamp van Thornton word beroep as leraar van die gemeente.

Ds W.J. Steenkamp aanvaar die beroep en word op 4 April 1975 ontvang en bevestig as die eerste herder en leraar van ons gemeente. Hy lewer sy intreepreek op 6 April 1975

'n Pastorie van die N.G. Gemeente St Helena word gebruik as pastorie vir ons eerste leraar. Die adres was Othellostraat 62 St Helena.

Die eerste kerkraadsvergadering onder voorsitterskap van ds Steenkamp word gehou op 14 April 1975.

Ons eerste kerkbasaar word op 1 Mei 1975 gehou.

Mei 1975 : S E Fabrications ontvang opdrag om die eerste pastorie van die gemeente te Van Wyk Louwstraat te bou.

2 Junie 1975 : Die eerste sooie vir die fondasie van die pastorie word omgekeer.




Hierdie bladsy word geborg deur: Goudveld Paneelkoppers



Nagmaal tydens mondigwording

Nagmaal - 1999





Nagmaal tydens kinderdiens



Hierdie bladsy word geborg deur: Danie en Magda Prinsloo

Ons gemeente se eerste verjaarsdag word gehou op die Saterdag die naaste aan die 29 Julie 1975 in die vorm van kerrie en rys wat te koop aangebied word op die kerkterrein.

Oktober 1975 : S E Fabrications ontvang opdrag om die kerkgebou te bou.

2 Februarie 1976 : Die eerste sooie vir die bou van die kerkkompleks word gespit deur mnr B.J. van der Vyver, die oudste lidmaat van die gemeente, asook deur ds W.J. Steenkamp, mnr B. Fouche, voorsitter van die boukommissie, Mev J.D. Bernard namens die Vrouediens, B. Joubert namens die jongmense en J. de Bruin namens die kinders.

30 Oktober 1976 : Die hoeksteenlegging van die kerkgebou word waargeneem deur ds W.J. Steenkamp. Die hoeksteen is geskenk deur AVBOB.

Die inwyding van die kerkgebou vind plaas die naweek van 5 tot 7 Augustus 1977. Tydens die inwydingsdiens die oggend is daar ook babas ten doop gebring terwyl 'n orreluitvoering plaasgevind het tydens die aanddiens.

Die totale koste van die kerkgebou was R 261 000 wat ook R 16 000 vir die orrel ingesluit het.

Januarie 1978 : Die eerste afsonderlike kinderdiens wat tegelyketyd met die oggenderediens gehou is vind plaas.

6 Maart 1978 : Vier diakonesse word verkies vir wyke in die verpleegsterstehuis. Hulle sal bevestig word, maar sal slegs adviserende stemme hê tydens kerkraadsvergaderings. Die volgende susters is as eerste diakonesse gekies: P. Badenhorst, S.M. Ferreira, R. Retief, en A. van Heerden.

6 Maart 1978 : Die kerkraad besluit om 'n medeleraar te beroep.

19 Junie 1978 : Die kerkraad besluit om 'n tweede pastorie te bou.

Oktober 1978 : Ds G.K. Malherbe van Monument - gemeente Bloemfontein word beroep as medeleraar van ons gemeente.

Ds G.K. Malherbe word die naweek van 1 tot 3 Desember 1978 ontvang en bevestig en betrek die nuwe pastorie te Van Bruggenlaan.

Oktober 1980 : S E Fabrications ontvang opdrag om 14 katagese lokale en 'n ruim konsistorie te bou.


Ds W.J. Steenkamp ontvang demissie op 19 Oktober 1980 nadat hy 'n beroep na Wesselsbron - Noord aanvaar het.



Hierdie bladsy word geborg deur: Danie en Alta Marè

# Pizzaoond

Word gebou



.......... en ingewy





Hierdie bladsy word geborg deur: Johan en Rachel Maree

Januarie 1981 : Prop. N.L. (Kallie) le Roux word na ons gemeente beroep.

Februarie 1981 : 'n Gedeelte van Uitbreiding 19 word by ons gemeente ingelyf.

Prop. N.L. (Kallie) le Roux word op 3 April 1981 ontvang en bevestig.

Junie 1981 : Die eerste luidsprekerstelsel word in die kerk geinstalleer.

Mei 1982 : 'n Radio-telefoondiens na die Rooikruiswoonstelle word in gebruik geneem.

Mei 1982 : Die verbeterde luidsprekerstelsel met beuelluidsprekers word in die kerk geinstalleer. Die luidsprekerstelsel wat in die kerk gebruik is, word verskuif na die kerksaal.

25 Julie 1982 : Ds G.K. Malherbe ontvang demissie nadat hy die beroep na Edenville aanvaar het.

September 1982 : Ds A.F. Kriel van Harrismith-gemeente word na ons gemeente beroep.

November 1982 : Parma Bouers ontvang opdrag om die derde pastorie te bou te Elizabeth Eybersstraat.

Ds A.F. Kriel word die naweek van 3 tot 5 Desember 1982 ontvang en bevestig.

Mei 1983 : Ds J. Kriel van Bulawayo word beroep as derde leraar.

Ds J. Kriel word op 15 Junie 1983 ontvang en bevestig in ons gemeente en betrek die nuwe pastorie te Elizabeth Eybersstraat.

Vanaf September 1983 word twee eredienste Sondagoggende gehou om 08:30 en 09:45.

Oktober 1983 : Die buitegeboue van die Van Bruggenlaan pastorie word voltooi.

Desember 1984 : Ons gemeente in die nuus na aanleiding van die weiering om 'n Geloftefees pamflet te versprei.


April 1985 : 'n Bord wat die Psalms en Gesange aandui - soortgelyk aan die bestaande een wat aan die ouderlinge se kant van die kansel is, word aangebring aan die muur by die diakens.




Hierdie bladsy word geborg deur: Xerox - Welkom

Sosaties word vir die basaar gemaak









Hierdie bladsy word geborg deur: Abe en Gerda Brink

Mei 1985 : Die klankversterking van die gemeente gesteel en word vervang.

Junie 1987 : Kussings word op kerkbanke geplaas.

September 1987 : 'n Mediese fiets word aangekoop wat aan gemeentelede uitverhuur word.

29 Februarie 1988 : Prop. G.F. Muller Oosthuizen word na die gemeente beroep as vierde leraar.

24 Maart 1988 : Prop. G.F. Muller Oosthuizen word ontvang en bevestig. Sy tydelike pastorie is geleë in St Helena gemeente.

Ds N.L. (Kallie) le Roux aanvaar 'n beroep na Wesselsbron - Noord . Hy ontvang demissie op 14 November 1988.

November 1988 : Prop Leon M. Foot word na die gemeente beroep.

Prop Leon M. Foot word op 20 Januarie 1989 ontvang en bevestig.

16 Julie 1989 : Ds J. Kriel ontvang demissie nadat hy die beroep na Welkom-Wes aanvaar het.

Maart 1991 : Die nuwe koffiekamer en katageselokale word in gebruik geneem.

Junie 1991 : Die luidsprekerstelsel in die kerk word vervang.

September 1992 : 'n Permanente wit skerm word teen die muur langs die kansel aangebring.

Oktober 1992 : Die eerste dankfeesete vind plaas. Dit word 'n jaarlikse instelling saam met die Tiendemaanddankoffer.

Januarie 1993 : Daar word begin met 'n spesiale kleuterkerk.

Mei 1995 : Ds Foot slaap op die dak van die kerk.

Junie 1995: Die ring van Welkom versoek ons kerkraad om wanneer daar 'n vakature ontstaan dit ernstig te oorweeg om 'n leraar uit die ring te beroep.

16 Julie 1995 : Ds. G.F.M. Oosthuizen ontvang demissie nadat hy die beroep na Heilbron-Suid as tentmaker met die opdrag Amos bediening aanvaar het.


Ons gemeente 21 jaar oud. Word feestelik herdenk op 29 en 30 Julie 1995.


27 Augustus 1995 : Ds A.F. Kriel ontvang demissie nadat hy weens swak gesondheid aftree.



Hierdie bladsy word geborg deur: Xerox - Welkom

**Na 'n uitdaging moes dominee Leon maar op die dak van die kerk slaap**







Hierdie bladsy word geborg deur: Cobus en Tokkie Strauss

Augustus 1995 : Die Kerkraad besluit om die derde leraarspos te skraap.

September 1995 : Ons pizza- oond word in gebruik geneem. Welkom-Suid is die eerste gemeente wat oor 'n eie pizza oond beskik.

September 1995 : Ds Nico S. Dicks van Welkom gemeente word beroep na ons gemeente.

Oktober 1995 : Die kantore van die Kerlike Maatskaplike Diens verskuif na ons gemeente.

Oktober 1995: Slegs een erediens op 'n Sondagoggend word weer gehou.

29 Oktober 1995 : Ds N.S. Dicks word ontvang en bevestig in ons gemeente.

Augustus 1996 : Nagmaal word die eerste keer tydens die kinderdiens in die kerksaal aan kategete van die junior kategese bedien.

November 1996 : Die konsolidasie van die erwe langs ons kerkgebou word afgehandel.

Augustus 1997 : Die verkoelingstelsel in die kerkgebou word geinstalleer.

September 1997 : Die gordyne van die koffiekamer word gesteel.

31 Desember 1997 : Ds Foot herstel die kerkklok tydelik met behulp van die brandweer sodat ons kerkklok ook middernag kan beier.

Januarie 1998 : Die ligte in die kerk word verbeter deurdat sterker gloeilampe aangebring word.

13 Februarie1998 : Niell en Peggy Verwey, wat sendingwerk in Japan doen, besoek ons gemeente.

Maart 1998 : Die gordyne van die koffiekamer word vervang.

April 1998 : 'n Plek vir 'n rolstoel word ingeruim deur een van die kerkbanke korter te maak.

3 Mei 1998 : Ds Jan de Wet besoek ons gemeente tydens die oggenddiens.

Junie 1998 : 'n Alarmstelsel wat die hele kerkkompleks monitor word geinstalleer.

Augustus 1998 : Die klankstelsel word verskuif vanaf die saal tot langs die orrel.



September 1998 : Dakwaaiers word in die kerksaal en kombuis geinstalleer.

Hierdie bladsy word geborg deur: Jan Cillierspark Apteek

## Bejaardes toer na Oudtshoorn



## Toer na Kwa Siza Bantu





Hierdie bladsy word geborg deur: Kosie en Lilly van Aarde

# Toekomsblik

**'n Psalm vir Welkom-Suid**
**Ds Leon Foot**

Juig tot eer van God, almal in die gemeente! Sing tot die roem van sy Naam, gee Hom die eer wat Hom toekom! Bely voor God: Hoe ontsagwekkend is u werk! U mag is groot, ons buig ons voor u neer.

Ons wil aan ander vertel wat u aan ons gedoen het, sodat alle mense voor U sal buig, sodat hulle sal sing tot u eer, sodat hulle sal sing tot eer van u Naam.

Kom hoor van sy magtige dade onder ons: Hy het redding bewerk, verlossing vir sy geliefdes. Ons jubel oor Hom. Teen die magte van die bose het sy seun baklei,teen die aanklaer oorwin. Die skuldbewys van ons sonde teen sy kruishout vasgespyker, die angel van die dood uitgepluk. Op die derde dag het Hy opgestaan uit die dood om te heers vir ewig aan Gods regterhand - ons ten goede. Laat ons dit nie vergeet nie.

Met sy bloed het Jesus Christus ons losgekoop uit elke stam en taal en volk en nasie; Hy het ons wat geen volk was nie, sy volk gemaak. Van ons wat sondaars was, het Hy sy kinders gemaak. Van oral oor het Hy ons saamgevoeg as een gemeente om Hom al die dae van 'n kwarteeu te kon dien. Deur al hierdie tyd het Hy ons bewaar. Loof sy Naam.

Hy het ons soms beproef. Soos goud is ons gelouter, tot sewe maal. Ons het Hom aangeroep, en Hy het ons gebede verhoor. Hy het gesê: "Julle is my volk." En ons het geantwoord: "Die Here is ons God."

Ons Here is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. As Hy ons dan in die verlede gelei het, sal Hy dan nie ook in die toekoms nie? Laat ons dan die volgende kwarteeu tegemoet gaan - ons weet op wie ons bou.

Kom luister, alle dienaars van God, ons wil vertel wat Hy vir ons gedoen het: Skaars het ons na Hom geroep, of daar was reeds 'n loflied op ons lippe. Die lof kom God toe wat my gebed nie afgewys en sy trou nie van my weerhou het nie. Loof die Here. Amen.

Ps 66; Rom 8:33; Kol 2:14; 1 Kor 15:55; Luk 22:69; Rom 8:34; Open 5:9; 1 Pet 2:10; Hebr 13:8.



Hierdie bladsy word geborg deur: Lux Verbi - Pick 'n Pay Sentrum Welkom

# Erkenning van Donasies

| | |
|---|---|
| **Minolta Welkom:** | **Frans Wessels** |
| **Goudveld Paneelkloppers:** | **Vossie en Iris Vorster** |
| **Jan Cellierspark Apteek:** | **Dawid en Hermien Branken** |
| **Lux Verbi:** | **Pick 'n Pay** |